# REEKS: ONTMOETING MET GOD
# ONTMOETING 4: DIE EMMAUS GANGERS
# LUKAS 24:13-25

1. Verwelkom almal. Hoor hoe was elkeen se week.

2. **GEBED:** Vra spesifiek vir die Here om jul oë oop te maak vir die dieper dinge van hierdie Ontmoeting tydens julle kuier om die Skrif.

3. **LEES: LUKAS 24:13-25**

4. Probeer jouself indink in die skoene van die 2 vriende wat so deel was van die laaste paar dae saam met Jesus – en gesien het hoe Hy moes ly en sterf, en hoe al hulle hoop saam met Hom gesterf het – Bespreek hoe jy persoonlik sou gevoel het, en hoe jy dit sou hanteer het.

5. Waarom dink julle is hulle oë verhinder om Hom te herken? Wat het hulle verhoed om te sien?

6. Hulle oë het weer oopgegaan om Hom te herken eers toe God die **SKRIF** aan hulle verduidelik het, en hulle toe die **BROOD** gebreek het. Watter rol speel die **WOORD** van God en **NAGMAAL** in ons lewe vandag?

7. Watter verandering het binne hulle gebeur na hierdie Ontmoeting met Jesus?

8. Dink julle God openbaar Homself nog steeds vandag aan mense wanneer hulle erge teleurstelling beleef en alle hoop verloor het? Kan iemand dalk daarvan getuig? Deel dalk 'n persoonlike ervaring daarvan.

9. Hierdie 2 vriende moes eers vir Jesus **NOOI** om saam met hulle te kom eet voordat hulle die volle openbaring van Jesus kon ervaar. Wanneer laas het jy vir Jesus **INGENOOI** in jou lewe en in jou situasies in?

10. Ons is dikwels blind vir God se teenwoordigheid in ons lewens. Was jy dalk al op n plek waar jy so hopeloos was, en dat Jesus dalk by jou was, maar jy het dit dalk nie gesien nie, en dit eers later besef? Deel dalk jou ervaring met ander.

11. Jesus moes eers die **SKRIF / WOORD** vir hulle van die begin af verduidelik voor hulle oë weer oopgegaan het. Wat is jou verhouding met God se **WOORD**? Wanneer dinge moeilik gaan, hardloop jy na die **WOORD** of weg van die **WOORD**?

12. Wanneer hulle Ontmoeting met Jesus klaar is, reageer hulle **ONMIDDELIK**, want al was dit aand, het hul dadelik na Jerusalem terug gegaan om vir die ander dissipels te gaan vertel. Wat dink jy behoort ons reaksie te wees wanneer ons 'n Ontmoeting met God het?

13. **ONTHOU**:
    Net soos Jesus saam met hulle geloop het en hulle nie eers bewus van Hom nie, so is God ook elke dag saam met ons, al is ons nie altyd bewus van Hom nie. Hoe laat dit jou voel?

14. **GEBED:** Fokus in jou gebed op dankbaarheid vir God se transformerende Ontmoetings met mense wat selfs twyfel en hoop verloor het.